

Prof.dr. Klaas Schilder (1890-1952)

# KLAAS SCHILDER SE KULTUURBESKOUING

**deur Ds. G.J. Meijer**[1]

## A. INLEIDENDE OPMERKINGS: OORSIG OOR LITERATUUR

Uit die vele publikasies van die hand van prof. Schilder, blyk dit dat die onderwerp "kultuur" hom besonder geïnteresseer en geboei het. Sowel in preke as in opstelle, en later in 'n aparte boek(ie), het prof. Schilder die lig van die Skrif oor die inhoud en beoefening van kultuur omskryf. Uit die geskrifte word dit duidelik dat prof. Schilder nie maar net 'n objektiewe "beskouing" oor die onderwerp "kultuur" gehad het nie.

Kultuur is vir hom 'n leefwyse, 'n manier van praat en dink en doen. In die beoefening van kultuur sien hy die mens in diens van God, wat die hoogste doel van die lewe is. Die belangrikste werke waarin sy "kultuurbeskouing" neerslag vind, is die volgende.

- *Jezus Christus en het cultuurleven* – 'n opstel in die bundel getiteld Jezus Christus en het menschenleven, 1932.
- *Zur Begriffsgeschichte de "Paradoxon"* – Proefskrif, 1933.
- *Heidelbergsche Catechismus,* deel 1 – Sondag 3, vraag en antwoord 6 oor die mens wat na die beeld van God geskep is, 1947.
- *Christus en cultuur* – 'n verwerking van die opstel "Jezus Christus en het cultuurleven", 1947.
- *De Openharing van Johannes en het sociale leven,* 1951.
- Preke oor kultuurmandaat, kultuur van die wêreld, kultuur en natuur, ware en valse kultuur.

In 1977 het prof. J. Douma die boekie "Christus en cultuur" voorsien van verklarende aantekeninge en bronverwysings. Die bedoeling daarmee was om die kosbare inhoud daarvan in 'n moderne Nederlands opnuut onder die aandag van die kerkvolk te bring (en te hou). In 1991 het 'n boekie van die hand van dr. P. Van Gurp verskyn, getiteld *K. Schilder: Christus en Cultuur.*

In hierdie besonder bevatlike boekie word gepoog om prof. Schilder se belangrike studie oor kultuur nog meer toeganklik te maak vir die breë publiek, in besonder vir die jonger lidmate in die kerk.

Dr. Van Gurp slaag in sy doel, deur die soms ingewikkelde gedagtegang van prof. Schilder ietwat eenvoudiger weer te gee. Dr. Van Gurp gee aan die einde van sy studie ook 'n kort opsomming van die belangrikste kritiekpunte wat teen prof.

Schilder oor die onderwerp uitgespreek is. Dat prof. Schilder se denke oor kultuur, soos weergegee in *Christus en Cultuur* wye aandag geniet, staan bo alle twyfel vas. Die boekie is in 1974 selfs in Japannees vertaal en aldaar uitgegee (vergelyk J. Douma in K. Schilder – aspecten van zijn werk, p. 200).

Vir die bespreking van die onderwerp "Prof. Schilder se kultuurbeskouing" word die boekie "Christus en cultuur" as vertrekpunt geneem, aangesien dit prof. Schilder se kultuurbeskouing die duidelikste weergee. Ander studies is daarby verwerk.

---

[1] Lesing gegee by die *Esra Instituut* se Verbondseminaar in 2000, onder die tema "Christus en Kultuur".
**Dr. G.J. Meijer** is die predikant van die Gereformeerde Kerk Oos-Moot en medewerker van die tydskrif Waarheid en Dwaling.

## B. SKEMATIESE VOORSTELLING

| Skepping | Sondeval | Christus | Eindtyd | Wederkoms | Ewigheid |
|---|---|---|---|---|---|
| Begin van kultuur: bewerk bewoon vermeerder | Kultuur-ontbinding<br>en<br>Belofte van herstel | Heiland in antitese: Heiland-verlosser Heiland-wreker | Anti-christelike kultuur-vergiftiging versus Reformatoriese kultuur-genesing | Katastrofale skeiding en eindoordeel | Nuwe Jerusalem: hemel<br>Ewige verdoemenis: hel. |

## C. CHRISTUS EN CULTUUR

Wat hier volg, is 'n kernagtige samevatting van die boek "Christus en Cultuur". Die indeling wat prof. Schilder self voorsien het, is onveranderd weergegee. In hierdie samevatting word gepoog om by prof. Schilder se eie (besonder ryk, maar soms ook ingewikkelde) woordgebruik te bly. Plek-plek word woordkeuses vergemaklik. In sommige gevalle word moeilike begrippe woordeliks weergegee, met 'n woordverklaring in hakies direk daar agter.

***Paragrawe 1 tot 6 – Inleiding***

**1. *'n Eeue-oue tema***

Die tema "Christus en kultuur" het die geeste nog altyd besig gehou. Dit was reeds voor Christus se koms na die aarde onderwerp van bespreking. Met die Messiasverwagting in die Ou Testament is daar oor die Messias (Christus) en die kultuur nagedink, gestry, geprofeteer en gerebelleer. Dit sal so bly tot op die wederkoms. Met die wederkoms gaan die worsteling rondom Christus en kultuur die voleinding bereik. Dan gaan twee swaar gelaaide woorde met 'n skok werklikheid word: hemel - en – hel.

**2. *'n Praktiese onderwerp***

Die tema "Christus en kultuur" is beslis nie 'n suiwer akademiese kwessie nie. Die tema raak die grondvrae van elke Christen se denke en optrede regstreeks. Christen-wees beteken in die woorde van Sondag 12 van die Kategismus om profeet en priester en koning in diens van God te wees. Elke gelowige kind van God kry op 'n bepaalde plek (sy woon- en werkplek) en vir 'n sekere tyd (sy leeftyd) met die "kultuurlewe" te doen. Geen Christen mag hom derhalwe van sy kultuurtaak isoleer nie. 'n Kloosterlewe, waar geen likeur voorberei word en aan geen tydskrif inhoud gegee word nie, is 'n ontvlugting wat bots met ons Godgegewe opdrag. Net so druis die verskoning "kultuur is 'n ingewikkelde akademiese kwessie waarmee ek my nie ophou nie" teen die wil van God in.

**3. *'n Ingewikkelde vraagstuk***

Die vraagstuk rondom die tema "Christus en kultuur" is moeilik en ingewikkeld, want daar is duidelik uiteenlopende menings oor sowel "Christus" as "kultuur":

- Die teïs en die panteïs staan vierkantig teenoor mekaar oor wat kultuur is en hoe kultuur beoefen moet word. So ook die lutheraan (hoe kry ek 'n genadige God?) en die calvinis (hoe kom God tot sy eer?), die pessimis en die optimis, die platonicus en die aristotelicus, die spinozis en die cartesiaan. Die teenstelling word duidelik as daar kultuurkongresse gehou word waartydens ure lang debat gevoer word oor die hoe en wat van kultuur: "nuttelose praatkolleges".
- Die begrippe "christendom" en "kultuur", neem in elke tydsgewrig nuwe teoretiese funderingsvorme aan, sowel binne as buite die kerk. Dit word dikwels in verskillende betekenisse opgebou, vasgelê en gebruik.
- Binne die kerk (kerk in breë sin) is daar met die naam "Christus" geknoei. Die begrip

"kultuur" is kerklik sowel as filosofies dikwels gedevalueer. As die twee begrippe reeds so verwarrend gebruik word, word die suiwer spoor ten opsigte van die onderlinge verhouding tussen die twee nog te meer uitgewis.

- Rondom Jesus die Christus rys enorm baie vrae onder teoloë op, onder andere: is die historiese Jesus van Nasaret die vervulling van die lank verwagte Messias, en: wat is salwing?
- Oor die begrip "kultuur" word eweneens ingrypend verskil. Nie-teoloë, veral filosowe, verkla teoloë van "geloofsvooroordele". Uiteindelik bly kultuur en die kultuurlewe in 'n wasige newel hang. Die inhoud daarvan is onbegrens.
- Is daar hoegenaamd 'n vaste, kenbare, getroue kultuur – of is daar slegs 'n deurmekaarspul van kulture en tendense, lewenstyle, wat almal in mindere of meerdere mate reg en verkeerd in hulle saamdra? Moet daar na een of ander "nasionale" kultuur gekyk word, of is dit vir die bespreking van die onderwerp nodig om na een, sentrale, allesomvattende internasionale kultuur te kyk? Moet kultuur as iets blywends gesien word, of is kultuur voortdurend in wording, aan die verbeter"!'

**4. *Oplossing gesoek!***

"Christus" en "kultuur" word deur sommiges teenoor mekaar gestel, en deur ander "met mekaar versoen". Elke beskouing het konsekwensies vir die praktyk. Ook Kuyper se "soewereiniteit in eie kring" bring geen duidelikheid nie.

Nietzsche gee die christendom prys vir kultuur. Tolstoi offer die kultuur op ten koste van "christendom". Die twee sluit mekaar uit – na een van twee kante toe. Versoening tussen Christus en kultuur vind plaas waar van die gedagte uitgegaan word dat christendom iets "bo-wêrelds" is. Christene hoef hulle nie met kultuur te bemoei nie. As die Christen hom wel daarmee bemoei, is dit goed genoeg om "die krummels onder die tafel te eet". So 'n versoening tussen Christus en kultuur het niks met beginselvaste optrede te doen nie, maar getuig eerder van 'n amper teensinnige "versoening" soek tussen twee pole. Die soewereiniteit in eie kring van Kuyper los niks op nie, dit bemoeilik sake eerder. Dr. Kuyper kon self nie duidelik maak wat die "soewereine" in al die "kringe" is nie.

***Paragrawe 5 tot 12 – Die betekenis van Jesus Christus vir kultuur***

**5. *Jesus Christus en die kultuurlewe***

Alleen die Skrif laat al die vrae en newels rondom bogenoemde probleme opklaar. Die Skrif openbaar aan ons Jesus Christus, die Seun van God. Dus: om by die wortel van die saak uit te kom, moet die tema lui "Jesus Christus en die kultuurlewe", nie "Christendom en kultuurlewe" of "Jesus en die kultuurlewe" nie.

**6. *Nie "Christendom en kultuurlewe " nie***

Hoekom nie "christendom en kultuurlewe" nie? Omdat "christendom" ook weer 'n term is waaronder verskillende dinge verstaan kan word, soos: die gemeenskap van Christene, of die sigbare resultaat van die Christene se aktiwiteite. Buitendien kan 'n feitlike gegewe soos die christendom nooit normatief wees nie. God se wil is normatief, nie die gemeenskap van (sondige) mense of hulle optrede nie. By dit alles is die christendom ook al saamgesleep in die botsing van kultuurstromings, en het dit selfs soms probeer om 'n direkte kultuurmag te word. Die kultuur-imperialisme van die Roomse kerk is hiervan 'n sprekende bewys.

**7. *Ook nie "Jesus en die kultuurlewe " nie***

Hoekom nie "Jesus en die kultuurlewe" nie? Omdat ons uitgangspunt nie die mens "Jesus" sonder meer moet wees nie. Die Skrif gee geen biografie van Jesus nie. Reeds in die Ou Testament is Hy aangekondig as die komende Messias. In die Nuwe Testament word dit bevestig dat Hy ons gesalfde Profeet-Priester-Koning is. Sy werk word eers duidelik wanneer ons Hom as *Jesus Christus* ken.

**8.** ***Verklaring van Jesus in die lig van sy tyd***

"Jesus" kan nie verklaar word uit die tyd wat Hy op aarde deurgebring het nie. Wanneer dit wel gebeur, word "Jesus van Nasaret" voor vele se (verskillende, uiters uiteenlopende) karre ingespan. Die marxis plaas "Jesus" in die kultuurgeskiedenis as die groot rewolusionêr. Konstantyn die Grote sien in Jesus die suksesvolle werwer vir 'n allerchristelikste kultuurkamp. Teoloë uit die skool van die moderne *Religionsgeschichte* sit "Jesus" op een ry saam met Mohammed, Zarathustra en ander sogenaamde godsdiensstigters. So mag daar nie oor Jesus gedink of gepraat word nie. Ons moet na Hom luister as Jesus die Christus, wat gespreek het en nog spreek deur sy Woord.

**9.** ***"Kerklike " opvattings oor Jesus***

Die kerk het ook skuld aan eiesinnige, vermenslikte "Jesus"-opvattings. Byvoorbeeld die goud, wierook en mirre van Kersfees is 'n bewys dat Jesus tog wel van rykdom en weelde gehou het. Jesus laat Hom dien deur die geld van ryk mense, soos die vrou van Gusa, Herodes se paleisbestuurder. Jesus se onderkleed wat uit een stuk geweef was, dien as illustrasie van sy "goeie smaak", "sy rykdom", "sy kultuur". So word daar meer detailgegewens uit die evangelies opgedis om sogenaamd te bewys dat Jesus 'n kulturele "fynproewer" was. Die waarheid is dat net so veel Bybelgegewens aangehaal kan word om die teenoorgestelde te bewys.

**10.** ***Die groot lyne uit Jesus Christus se lewe***

Die Jode het op grond van 'n verkeerde uitleg van die tweede gebod hoegenaamd geen beeldende kunste beoefen nie, alhoewel God dit glad nie Self verbied nie (dink aan die skoonheid van beeldhouwerk in die tempel). Verder het die Jode, wat hulle uiterlike vertoon, kleredrag en leefwyse betref, hulle laat voorskryf deur buitelandse invloede – veral vanaf Sirië en Filistea. Geen eie kultuur, maar 'n vreemde kultuur Dit is opvallend dat Jesus nie daarteen preek nie. Hy stel geen eie "kuns-teorie" op teen die Joodse anti-beeldekuns nie. Hy protesteer ook nie teen die vreemde kultuurvorme wat in Israel se volkslewe neerslag vind nie. Beteken dit dat Jesus die kultuur negatief sou beoordeel? Beslis nie. Hy raak alles in die lewe aan met sy prediking. Maar Hy raak dit aan in sy amptelike hoedanigheid, as Christus. So staan sy prediking vas vir alle kulture – nie net vir die Joodse kultuur nie.

**11.** ***Die antwoord: Jesus die Christus***

In die samevoeging van die name "Jesus" (Verlosser) en "Christus" (Gesalfde), word die sleutel tot die oplossing van die probleem "Christus en kultuur" vir ons gegee. Uit die ampsdiens van Jesus Christus leer ons wat kultuur is, en wat kultuur inhou.

**12.** ***Christus van die Skrifte***

Ons moet let op Christus se unieke amp. Sy groot ampstaak het Hom byvoorbeeld belet om getroud te wees. Om ons almal se broeder te wees, kon Hy nie vir sommige 'n vader wees nie. Alles wat met Christus gebeur het, en wat Hy Self gedoen het, staan in die lig van sy ampsbediening (byvoorbeeld die kies van die dissipels, die salwing van sy voete, die genesing van siekes). Deur sy kruisdood het Hy die las van die sonde weggeneem. Daarom kan daar weer kulturele opbloei kom, tot eer van God. Daarsonder nie. Kortom, wat beteken Jesus vir kultuur? As Christus beheers Hy die geskiedenis van alle volke en hulle kulture. Hy spreek Hom uit oor boustyle, beeldende kunste, spel, musiek, mode. In alles is Hy ons hoogste Profeet, enigste Hoëpriester en ewige Koning.

***Paragraaf 13 tot 16 – Kultuur in die paradys***

**13.** ***Begin van kultuur: ampsbediening in die paradys***

Adam het in die paradys van meet af aan 'n amp beklee. God het hom as ampsdraer geskep, en met die nodige gawes toegerus. Hy was dus geen "naïewe" oermens nie, maar mede-arbeider van God. Sy werk is "liturgie" in God se Koninkryk, diens aan God. Die ampsgedagte is van deurslaggewende belang vir die verstaan van wat kultuur is. Christus, as tweede Adam, gryp terug na die amp van die eerste Adam in die begin van die geskiedenis. Om God te gehoorsaam in alle funksies van jou bestaan, is die abc van die lewens- en wêreldorde.

**14. *Christus herstel die oorspronklike ampsdiens***

Om hierdie oorspronklike diens weer moontlik te maak, kom Christus twee dinge doen:

- Hy voer 'n reg-stryd deur te voldoen aan God se straffende en eisende geregtigheid. Hierdie reg-stryd is reeds beslis, met Christus se oorwinning oor Satan op Golgota, Paassondag en hemelvaart.
- Hy voer 'n krag-stryd deur in die loop van die geskiedenis die ongelowige ryp te maak vir God se oordeel, en die nuwe mensheid toe te berei vir die diens aan God. Hierdie krag-stryd is 'n dinamiese worsteling, wat nie net van betekenis is vir kultuur nie, maar ook vir heiligmaking, kerkverowering, rypmaak van die wêreld vir eindoordeel.

**15. *Herstel van die paradysmens***

In die bediening van sy eie amp, en in die vorming van sy volgeling-gesalfdes (Christene) bring Christus die eiendom van God weer terug na sy Eienaar. Die begin van die wêreld word met die einde verbind. Die mens moet uit die wêreld uithaal wat daar in sit. Alle moontlikhede, wat in die kosmos verborge is, moet nagespeur, ontdek, ooreenkomstig die geopenbaarde wet geaktualiseer, en aan die opbou van die ganse skepping diensbaar gestel word. Hierdie boodskap kan gelees word in die gelykenis van die talente. Wanneer die mens só besig is, bedien hy sy "officium", sy amp, wat God van die begin af aan hom opgelê het. Dan is hy in die wêreld, alhoewel nie van die wêreld nie. Dan reformeer hy die lewe na God toe – soos dit God behaag.

**16. *God se kultuurgebod in die paradys – keerpunt in die betoog***

Kultuur is 'n woord wat 'n mens op die eerste bladsye van die Bybel aantref: bewerk die tuin, bewoon die aarde, vermenigvuldig en vul die aarde. Hierdie drie opdragte is die eis van die sogenaamde "werkverbond". Al drie opdragte dui daarop dat die ongerepte wêreld wat God geskep het, nog nie voltooi is nie ("nog niet af is"). Die wêreld is nie kant en klaar geskep nie. Dit is 'n wêreld-in-belofte, 'n wêreld-in-hoop. Daar is ewolusie op die bodem van kreasie/skepping. Kragtens die skeppingsordening is daar steeds ontwikkeling. Uiteindelik moet die skepping kom by sy staat-van-volgroeidheid. Uit die eerste Bybel-bladsye blyk dat die Skepper kultureel geïnteresseerd is

Kultuur stam af van die Latynse woord *colere,* bou, versorg. Die boer, wat sy land bewerk, beoefen *colere.* Die grond en die saad waarmee hy werk is belofte. Sy arbeid is die gebod wat saam met die belofte kom. Dit is verbondstaal. God gee en eis. God eis ook dat die mens in sy kultuurarbeid sal heers oor die skepping. Hy is nie slegs 'n letter in die skeppingsboek nie, maar leser en voorleser van die skeppingsboek. Die mens: een met die skepping, tegelyk kroon van die skepping – dit is sy kultuuropdrag. Die mens: mede-arbeider van God die Skepper.

Omskrywing van kultuur. *"Het in systeem gebracht streven naar het procesmatig te winnen arbeidstotaal van het God toebehorende, zich met en voor de kosmos tot God in die historie evoluerende, in elke historisch moment aanwezige mensheidstotaal, dat zich tot taak stelt, alle in de schepping aanwezige krachten, al naar gelang zij in het kader van het historische verloop van de wêreld successievelijk in zijn bereik zullen mogen te komen te liggen, te ontdekken, ze te ontplooien naar eigen aard, ze dienstbaar te stellen aan de naaste en verste omgeving, overeenkomstig de kosmische verbanden, en onder zelfbinding aan de normen van Gods geopenhaarde waarheid; dit alles teneinde de zo gewonnen effecten hanteerbaar te maken voor de mens als liturgisch kreatuur en daarna, met die zo al meer bewerktuigde mens zelf, ze te brengen voor God en voor zijn voeten neer te leggen, opdat God in allen alles zij, en alle werk zijn Meester love."*

Die omskrywing kan soos volg kort saamgevat word (vergelyk prof. Douma se vereenvoudigde, korter formulering):

- Kultuur is die strewe van alle mense (mensheidstotaal) om hulle potensiële kragte ten volle te ontplooi (arbeidstotaal).
- Hierdie strewe stel dit as taak om alle skeppingskragte te ontdek, te ontplooi en

diensbaar te stel aan die naaste en die verste omgewing.

- Kultuur moet beoefen word in gebondenheid aan die norme van God se geopenbaarde waarheid.
- Die doel van kultuur is om die resultate bruikbaar te maak vir die diens van die mens jeens God (persoonlikheids-kultuur, self-kultuur).
- Saam met die so steeds meer en meer tot diens toegeruste mens, word die resultate voor God se voete neergelê.
- In dit alles is die mens liturg; die Meester van dit alles wat deur alles geprys.

In bogenoemde omskrywing word die volgende prinsipiële kultuurmomente – soos dit in die bybelse skeppingsgeskiedenis opgeteken staan – weergegee:

- Bebou die tuin: 'n konkrete werks- en lewensgebod. Haal uit die wêreld wat daarin sit. Bedink met watter instrumente dit gedoen moet word, bou daardie instrumente, en werk daarmee. Span breinkrag en spierkrag daarvoor in.
- Bewoon die aarde: die beboste tuin moet 'n bewoonde wêreld word. Van die tuin moet 'n stad gemaak word.
- Wees vrugbaar en vermeerder: die mensheid moet groei tot die totale som wat God daarvoor neerlê.
- Onderwerp die aarde, en heers daaroor: die kultuurmens staan in die besondere rangorde van onderkoning.
- Die mens geskep na God se beeld: die kwaliteite om kultuur te beoefen is in die mens ingeskep, die mens bedien 'n "munus', 'n ministerie voor God.
- Self-ontplooiing: die mens is as skepsel deel van die skepping-in-ontwikkeling. Die mens moet as deel van sy kultuurtaak hom beywer vir self-ontwikkeling, dit is persoonlik en gesamentlik alle potensiaal ontwikkel wat God in hom ingeskep het.
- Sedelike gebod: in sy kultuurtaak staan die mens geheel en al onder die gebod van God. Hy moet in alles "sabbat", soos wat God sabbat (sewende skeppingsdag, vierde gebod).
- Kultuur is godsdiens: diens aan die enige ware God, Skepper van hemel en aarde.

(Nota dit is opmerklik dat prof. Schilder geen aandag gee aan die woord "bewaak" in Genesis 2; 15 nie. Tog word bewaak direk aan *bewerk* verbind. Wat is die implikasie daarvan vir die mens se kultuuropdrag?)

***Paragrawe 17 tot 21 – Sondeval en die gevolge daarvan vir kultuur***

**17. *Ontbinding deur sonde***

Sonde beteken: die mens val weg van God af. Deur die sonde het 'n proses van ontbinding begin. Die mens se lewe verbrokkel. Die wêreld waarin hy leef en werk verbrokkel eweneens. Daar ontstaan skeure waar eenheid moes wees. So word religie en kultuur van mekaar geskei. Die een geheel word in "dele" uit mekaar geruk. Die verskillende dele wat in 'n veelvormige eenheid saam behoort te wees, word nou prinsipes van verdeeldheid (byvoorbeeld die Babiloniese spraakverwarring). Liefde tot God maak plek vir verliefdheid op 'n skepsel wat van God losgeslaan is (byvoorbeeld vier kolomme sportnuus in die koerant, 'n weggesteekte beriggie oor kerknuus). Alhoewel God se sedelike wet die afvallige kultuurstyl nie meer bepaal nie (soos te sien in wetgewing oor huwelike, aborsie, doodstraf), bly God se natuurwet die mens steeds met sterk bande bind (soos te sien in bandeloosheid wat verlies aan lewe en lewensgeluk tot gevolg het). Die toppunt van verval: 'Er zijn al "cultuurstijlen" van het "satanisme" geweest'.

**18. *Is kultuur die vrug van algemene genade ?***

Daar is al van die standpunt uitgegaan dat die feit dat daar sedert die sondeval nog hoegenaamd van kultuur sprake is, dit teken van God se "algemene genade" is.

Algemene genade dien nie tot ewige behoud nie, maar dit weerhou tog wel die ergheid van die sonde. Daarteenoor moet gestel word dat die feit dat daar kultuur is, hoegenaamd nie te danke aan die sogenaamde "algemene genade" is nie. Dit is waar dat die sonde teruggehou word, maar dit geld eweneens vir die genade. Weerhouding is eie aan ons tyd. Die feit dat skeppingsgawes ontplooi word, is geen genade nie, maar natuur. Voortgang van die tyd en kulturele ontsluiting van die kosmos is nodig om gelowiges (met die hemel as eindbestemming) sowel as ongelowiges (met die hel as eindbestemming) gebore te laat word. Voortgang en ontsluiting is die onderbou (substraat) vir die bediening van genade en vloek. Bebou op sigself is nog geen genade nie, maar genade sit in *godvrugtige* bebou van die aarde. Daar kan wel van kommune genade (genade vir meer as een, alhoewel nie vir almal nie) en kommune vloek (vloek vir meer as een, alhoewel nie vir almal nie) gepraat word.

### 19. *Reformasie is tegelyk kultuur-genesing*

Christus is die sin van die kultuurgeskiedenis. In Christus word die lewe, ook die kultuurlewe, herskep en gesond gemaak. Maar Christus is ook Steen van aanstoot, die Rots waaroor gestruikel word. Christus het dus dubbele betekenis: Hy is Heiland-Verlosser en Heiland-Wreker. In verband met laasgenoemde is dit duidelik dat daar in Rome 'n kultuur-in-die-mag-van-Satan hoogty gevier het. Daarvan is 'n enkele strofe uit 'n Latynse vers wat betrekking het op nuwejaars-feesvieringe in Rome, 'n duidelike voorbeeld: *Occuri nuper, visa est mihi digna relatu pompa: semen potum pota trahebet anus.* Schilder gee 'n meesterlike vrye weergawe van die vers – *Ik kwam op straat een merkwaardige optocht tegen: een dronken oud wijf zeulde een dronken ouwe kerel achter zich aan.* Beeld van Gods-onterende kultuur. Te midde hiervan kom Paulus in Rome. Paulus beleef een stuk kultuur-gesondheid in die kultuur-dronk stad. Gevolgtrekking: elke reformasie is tegelykertyd kultuurgenesing. Dit geld van die Lutherse, maar te meer nog van die calvinistiese reformasie, wat hom van die valse natuur-genade onderskeiding losgemaak het (Lutherane het wesenlik geen verskil gemaak aan die kulturele chaos wat Hitler gesaai het nie; daar is in menige opsig selfs met hom saamgeloop). Die nuwe skepping gee die ou skepping nie prys nie, maar suiwer dit, ook al gaan dit langs die weg van katastrofe. Die katastrofe voltrek hom daar waar die lig van die evangelie die duisternis van die heidendom oorwin. Die groot katastrofe breek aan op die dag van die wederkoms, wanneer die nuwe Jerusalem (stad in volmaakte versadiging-styl, kultuurstad-in-ruste) uit die hemel op die aarde neerdaal

### 20. *Godgerigte kultuur versus Gods-onterende kultuur*

Om presies te wees, is alleen dáár kultuurbou waar ooreenkomstig God se wil gewerk word. Ongelowiges verrig ook kultuurarbeid:

- Langs die koinonia (gemeenskap) tussen gelowiges is daar sunousia (saamwees) tussen kaf en koring/koring en onkruid.
- Die algemene temperansie (versagting, uitstel van finale oordeel) weerhou die deurwerking van die sonde en die vloek – net soos wat dit ook Christus se genadekrag nog weerhou.
- Binne die konstante temperansie is daar graadverskille in die tempering. Die "nog" van die breë ontplooiing van die kultuur in die wêreld word bepaal deur die "nog nie" ontbind wees van Satan.
- Daar het "reste" en "spore" van oorspronklike gawes gebly. Dit kan egter geen suiwer kultuur oplewer nie. Alles dra 'n onvolledige brokstuk karakter. Verliefdheid op instrumente (art pour l'art), verafgoding van tegniek, kom in die plek van liefde vir bou.

### 21. *Antichristelike kultuur: ontsaglik, maar onvoltooid*

Die demoniese anti-kultuurvoorwerpe sal deur die antichris as diktator aan die wêreld opgedring word. 2 Tessalonisense 2 en Openbaring 13 skets in geen onduidelike taal waartoe die antichris gedurende die eindtyd in staat is nie: wonderwerke, materiële

welvaart, skeppingspotensiaal word gebruik teen God. Kultuur in afval in die ergste graad. Die werk van die antichris word egter in die "helfte van die dae" (tyd, tye en 'n halwe tyd: drie en 'n half) afgebreek. Die kultuurbrousel van die laaste dae is 'n verrinneweerde piramide. Nog 'n halwe toring van Babel, maar nou finaal.

***Paragrawe 22 tot 29 – Kultuurbou vanuit die kerk***

**22. *Gods volk in aksie***

Teenoor die triestige beeld van die verrinneweerde piramide staan die bouwerk van Christus se kerk, en die koninkryk van die hemele – in soverre daar in die kerk en die koninkryk ooreenkomstig God se wil gewerk word. Israel se geskiedenis getuig van herhaalde kerk- en kultuurverval. Die ballingskap was in 'n sekere sin 'n enorme kultuurskok. Die boomstam is afgekap. Israel huil in ballingskap. Uit die afgekapte boomstam groei egter 'n nuwe Loot. In gemeenskap met Christus is kultuurbou moontlik, en word dit werklik. Gemeenskap met Christus weerhou 'n mens van kulturele hoogmoed enersyds (rede vir Israel se ballingskap, die Here se tempel, die Here tempel – westerse kultuur-imperialisme), en kultuur-pessimisme andersyds (onttrekking in 'n klooster, piëtiesme, barthianisme, wêreldmyding in 'n nuwe wêreldorde). Gemeenskap met Christus verbind ons tot Skrifgefundeerde kultuuropbou. Egte kultuur, soos God dit vra, is ook slegs moontlik vanuit die gemeenskap van die heiliges, waar mense uit Gods Woord toegerus word tot kultuurarbeid. Daarom beteken kerkherstel, ook al krimp die getal belydende lidmate, altyd weer tegelyk kultuurherstel. Skrifgefundeerde kultuuropbou binne die gemeenskap van die heiliges het bepaalde konsekwensies, waarvan sewe genoem word.

**23. *Eerste konsekwensie: onvoltooide kultuur***

Streng gesproke is dit verkeerd om te praat van "die" kultuur. In sy wese is kultuur onvoltooid. Daarby is daar geen eenheid in kultuurstrewe nie. Die kultuur van die ongelowiges bly onvolledig. Maar ook die gelowiges se kultuurwerk kom nie klaar nie. Dit is gedeeltelik die laaste gevolg van die sonde, gedeeltelik ook van die temperansie (uitstel van oordeel).

**24. *Tweede konsekwensie: Christelike kultuur in 'n donker wêreld***

God het sy sedelike wet van bo af op ons neergelê. Hierdie wet bind ons. God soek geen vervaging van grense tussen gods-diens (godvresende kultuur) en afgods-diens (afvallige, antichristelike kultuur) nie. Groepvorming wat buite die goddelike roeping haar grense en kriteria vir lidmaatkeuse bepaal, moet gevolglik soos pes gehaat word. Binne-in die sunousia (wêreldgemeenskap) moet daar koinonia (kerkgemeenskap) gestig word: dit is Christelike kultuur

**25. *Derde konsekwensie: vraag na kultuuronthouding.***

Onthouding van kultuurwerk is altyd sonde. Geen kind van God mag met 'n verskoning kom van "ek het geen tyd of geld of kundigheid om God te dien nie". Die mens wat hom aan kultuuropbou onttrek, staan op teen God en plaas by dit alles 'n dubbele las op die skouer van sy medegelowige. Hierdie saak word te meer duidelik as opbouende kultuur teenoor afvallige kultuur gestel word. Hoeveel geld word nie in afvallige kultuur ingepomp (byvoorbeeld filmbedryf, sportaktiwiteite), wat vir opbouende werk, soos sending, aangewend kon word nie. Hoeveel "kerkmense" neem hieraan deel? Wel geld vir fliek, (en daarom) geen ekstra bydrae vir sending en evangelisasie nie?

**26. *Vierde konsekwensie: algemene mandaat, geen algemene genade***

Dit is onjuis om die vraagstuk van "Christus en kultuur" as 'n vraagstuk van algemene genade te tipeer. "Genade" is verwant aan dit wat geoorloof, toegestaan is. Ons moet oppas vir 'n "single-track'-teologie. In stede van "wat mag en wat mag nie", moet dit gaan oor 'n algemene mandaat – "wat moet". 'n Verbondsgawe is noodwendig 'n verbondsopdrag. Hieruit volg dat dit onjuis is om saam met Abraham Kuyper te sê dat die calvinisme geen eie kunsstyl kon ontwikkel nie.

**27.** ***Vyfde konsekwensie: egte Christelike kultuur is alleen moontlik vanuit kerkgemeenskap.***

Daar moet groot eerbied vir die kerk wees. As Hoof van sy kerk is Christus Koning van die hele wêreld. In Christus "herower" God eenmaal alles (Efesiërs 1:10). God bring alle dinge in Christus tot 'n hoofsom, tot hulle voltooiing Die kerk self is geen kultuurstaat, maar wel 'n vuurherd met haar Woordbediening, wat die hele lewe onder God se beloftes en norme stel. As 'n mens die kerk wegneem, dan kan daar geen kultuuropbou plaasvind nie.

**28.** ***Sesde konsekwensie: individu en gemeenskap***

Alleen agter Christus kry die persoon (individu) vir die kultuurlewe sy waarde. Die wet en die bergpredikasie spreek die mens persoonlik aan, terwyl hy buite, in die wêreld, as "materiaal" behandel word. Om uit "Babel" uit te gaan, is heeltemal iets anders as om uit die wêreld uit te gaan. Omgang met goddeloses in die kerk? Nee, want God gee die sleutels van die hemelryk. Omgang met goddeloses in die wêreld? Ja, want as 'n mens daardie omgang weier, dan gaan jy uit die wêreld.

**29.** ***Sewende konsekwensie: amp en kultuur***

Ons Christelike kultuur-filosofie moet meer konsekwent uit die ampsgedagte dink en werk. 'n Mens moet sy standpunt inneem in die oorspronklike roeping, die skeppingstaak – en nie in die algemene genade of in die ingeskape godsdienstige besef nie Die kern van die vraagstuk lê in Sondag 12. Christus luister nie alleen na ons stemmingsgebede nie, maar Hy kyk na ons optrede om eskatologies - die oog gevestig op die ewige toekoms – uit die wêreld uit te haal wat daar in sit.

**Slot**

*Een "onbegonnen werk", dat is inderdaad onze cultuurtaak achter Jezus Christus. Gezegend mijn verstandige wijksouderling, die goed huisbezoek doet: een cultuur-kracht, al weet hij het waarschijnlijk zelf niet. Laat ze maar om hem lachen: ze weten niet wat ze doen – die cultuurslampampers van de overkant.*

# D. KRITIEK OP CHRISTUS ENKULTUUR

**1.** ***Barthiane***

Aanhangers van die dialektiese teologie, waaronder K.H. Miskotte, O. Noordmans en A.A. van Ruler, het prof. Schilder verwyt dat hy hom verbeel dat Christene in hierdie wêreld iets goeds kan opbou, wat in die gerig van God bestaande kan bly. Op voetspoor van Barth word geredeneer dat daar 'n oneindige verskil tussen God se wêreld en ons wêreld is. Ons wêreld lê onder God se oordeel, en daarom kan daar geen sprake van christelike kultuur wees nie. Volgens die barthiane is Schilder se teologie 'n "onmoontlike teologie" van oorwinning. Onmoontlik, omdat Christene in geen opsig beter is as nie-christene nie. Hulle lê saam onder dieselfde oordeel. Daarom is geen christelike aksie moontlik nie. Daarby staan Schilder volgens die barthiane radikalisme voor, asof die christelike kultuur die enigste ware kultuur is. Hiermee hang saam dat Schilder die Christen in isoloment plaas wat betref sy kultuurarbeid.

**2.** ***Kuyperiane***

Vanuit die Kuyperiaanse algemene genade-vertrekpunt en die wysbegeerte van die wetsidee kom daar eweneens 'n vlaag van kritiek. Schilder se skerp antitese tussen kultuur-in-opbou en kultuur-in-afval is onversoenbaar met "algemene genade". So-ook Schilder se fel kritiek op "soewereiniteit in eie kring die spilpunt waarom die wysbegeerte van die wetsidee draai. Die skerp punt van die kritiek is gerig teen die besliste onderskeid wat Schilder tref tussen die koinonia van Christus se kerk, en die sunousia van die wêreld.

**3.** ***Prof. J. Douma***

Met al sy waardering wat prof. Douma vir Schilder se kultuurbeskouing het, het hy ook enkele punte van kritiek (sien sy opstel in K. Schilder – aspecten van zijn werk). Hy stel dit by wyse van vrae (slegs enkele vrae word uitgelig):

- Kan daar werklik van tweërlei kultuur sprake wees, naamlik gelowige en ongelowige kultuur. Is die lyn tussen die twee nie plek-plek baie vaag nie?
- Wat is kultuur eintlik? Schilder gee verskillende betekenis-inhoude. Watter een gee die deurslag?
- Is 'n mens noodwendig 'n "kultuurslampamper" omdat jy aan die oorkant staan, en is jy noodwendig 'n kultuurbouer as jy aan die duskant staan? Wie die kultuurgeskiedenis bestudeer, moet erken dat "Godsdiens in die konkrete lewe" glad nie altyd lei tot kulturele hoogbloei nie

Kritiek sal daar wees. Myns insiens het prof. Schilder self die meeste van die kritiek in sy werk weerlê. Oortuigend weerlê, met feite uit die Skrif. By dit alles word met die slotopmerking van prof. Douma ingestem: in die besinning oor ons kulturele roeping kan ons nie by Schilder bly stilstaan nie, hoe belangrik sy bydrae ook al is.

# E. TOEPASSING OP DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING

Talle punte uit Schilder se besinning rondom kultuur kan (en behoort) vir ons eie konteks verwerk en toegepas te word. Dit verg diepgaande verdere studie, wat binne die bestek van hierdie referaat nie moontlik is nie. Enkele studiemoontlikhede word hiermee wel uitgelig, met die hoop dat dit onderwerp van studie word, waarby ons in ons konkrete omstandighede daadwerklik baat kan vind

***- Kultuur en kerk***

Schilder lê besondere klem op die kerk as kultuursentrum. Gereformeerd wees, is baie meer as Gereformeerde Kerk wees. Vanuit die kerk moet die lewe gereformeer (gekultiveer) word. In Nederland het die reformasie/kultivering van die lewe planmatig gestalte gekry met die oprig van verskeie Gereformeerde verenigings, soos die GPV, en die GMV. Dit ontbreek in Suid-Afrika. Deels omdat barthianisme verlammend op ons inwerk (veral in die N.H. Kerk), deels omdat ons vasgevang is met die ou-ou Christelik-nasionale denke (wat in die nuwe Suid-Afrika soos mis voor die son vervaag het), deels weens die piëtisme wat via die Afskeiding sy neerslag in die GKSA gevind het. Wat gaan ons doen om die kultuurtaak van die kerk op vaste voet te stel? Studiegroepe/werksessies/seminare/publikasies om vakkundig te groei?

***- Afrikanerkultuur***

Oor die kultuur van die Afrikaner word die laaste jare – veral sedert 1990 – druk gedebatteer. Wie is Afrikaners? Wat is eie aan die Afrikaanse kultuur? Hoe gaan die Afrikaanse kultuur verder uitgebou word? Dit is slegs enkele van die vrae. Wie na die antwoorde luister wat – sover vasgestel kon word vir genoemde vrae gegee word, bemerk dat die verwarring groter is as die vraag. Daar heers 'n grenslose gedobber oor die taalstryd, maar waarvoor? Verdere vrae wat beantwoord moet word, is: Wie bepaal die Afrikaner-kultuur? Hoe gaan tweede en derde geslag immigrante hulle in die Afrikaner-kultuur vestig?

***- Multi-kulturele Suid-Afrika***

In die een land Suid-Afrika is 'n veelkleurigheid van kulture saamgebondel. Die kontras tussen eerste wêreld en derde wêreld, wat met die veelheid van kulture saamgaan, is ooglopend. Tot onlangs toe het die westerse kultuur die oorhand gehad. Kultuur-imperialisme, veral van die Engelse kant, kan nie weggepraat word nie. Tans draai die wiel. Afrika-renaissance is nie net 'n woord nie Dit is 'n werklikheid wat 'n enorme invloed op kultuur-ontwikkeling gaan hê

# F. SLOTSOM

Christus en Kultuur, soos wat prof. Schilder dit besin en voorgestaan het, is nie slegs 'n onderwerp waaroor teoreties gediskusieër durf te word nie. Hier lê die abc van ons konkrete diens aan God in Suid-Afrika opgesluit. Mag prof. Schilder se denke vir ons 'n bron van inspirasie wees, in Suid-Afrika, waar die lyn tussen evangelieverkondiging en evangelieverwerping al duideliker en duideliker getrek word en moet word

## G. ANDER GERAADPLEEGDE BRONNE

Douma, J. 1990 *Christus en cultuur. In: K. Schilder – aspecten van zijn werk.*

Kamphuis, J. 1968. *Onderweg aangesproken. Beschouwingen over kerk, confessie en cultuur.*

Kamphuis, J. 1990. *K. Schilder – een gerefromeerd anti-facist. Woord en wêreld.*

Puchinger, G. 1970. *Een teologie in discussie – over prof. Dr. K. Schilder profeet-dichter-polemist.*

Van Gurp, P. 1991. *K. Schilder: Christus en cultuur. Woord en wêreld.*